Peter Venter
Gereformeerde Kerk Trinitas Oggenddiens
2017-06-04
Esegiël 37:1-14
Fokus – Vers 5

God wek lewe deur woord, gebed en gees

Inleiding

Dood.
Geen teken van lewe nie.
Dooie dor bene waarvan die laaste tekens van lewe deur die son verskroei is en deur aasdiere weggevreet is.

Dit is die droewige visioen wat voor Esegiël staan.

Die volk is nou al tien jaar lank onder die juk van Babilonië. Die laaste glinster van hoop is weggeneem. Die eens magtige Israel lê aanskerwe. Hulle soldate lê as bene in die doodsvallei.

God is egter nie afwesig nie. Hy roep steeds profete om op te tree. Selfs in hierdie visioen waar die doodsreuk in die lug hang, kom God se werke na vore. Hy roep vir Esegiël om te profeteer en om die Gees te beveel om in hierdie bene in te gaan.

In hierdie dooie bene wek God weer lewe op – Deur Sy woord, gebed en Sy Gees.

God wek lewe deur woordverkondiging

Die ou nabye ooste het ‘n vreemde beskouing van die dood gehad. Hulle het geglo in *Sheol* – die doodsvallei of dalk ‘n meer bekende vertaling – die dl van doodskadu. Hier het die dooies byeen gekom en daar het jy voortbestaan tot in ewigheid. Hierdie put het die liggame van die dooies ingesluk en het nooit versadig geword nie.

Hy hou aan om die dooies in te sluk. Daarbinne is geen teken van lewe nie. Dit is in alle waarskynlikheid waar Esegiël homself bevind tydens hierdie visioen. Hy word tussen hierdie doodsbeendere rondgelei om self te kan sien en ondersoek in te stel.

Twee gedagtes kom na vore tydens Esegiël se ondersoek – hoe groot hierdie massa bene is, maar ook hoe dor hierdie bene is. Hierdie groot menigte bene het in hulle

geen teken van lewe nie. Biologiese lewe soos wat ons dit ken was in hierdie bene nie moontlik nie. Op die oog af is daar geen logiese manier hoe hierdie bene ooit weer lewende mense kon wees nie.

God vra dan aan Esegiël of hierdie bene lewend kan word. Menslik gesproke is dit 'n klinkklare antwoord – daar is geen manier nie, maar Esegiël weet dat hy hier in gesprek is met die lewende God, met die here Here. Hy praat met die Here wat in Deut. 32:39 openbaar as "*Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas my is nie; ek maak dood en lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand kan red nie."*

Daarom antwoord Esegiël dat net God weet.

God gee dan aan Esegiël die opdrag – profeteer teenoor hierdie bene. Eenvoudig gestel – preek vir hulle, verkondig die woord van die Here.

Skielik nadat die bene die prediking "gehoor" het, kom daar 'n geruis. Dinge raak besig. Hierdie bene raak bedrywig en begin na mekaar toe beweeg, elkeen soos wat nodig is na sy plek toe. Hier kom die orde in God se herstel duidelik na vore. Die bene skarrel nie rond in chaos in wanorde nie, maar in geordende wyse soos wat God hulle beveel. Hierdie bene word herstel om weer mense te wees. Hulle kry senings en spiere en vleis en vel. Hulle lyk al soos mense. Ons kan hier weer 'n herinnering sien van God se skeppingsmag toe Hy vir Adam uit niks uit gemak het.

Uit stof skep Hy die mens en vorm Hom tot 'n wese na Sy beeld. Hierdie bene word ook herstel om te wees soos die beeld van God soos wat dit bestem was in die skepping. Tog is hierdie nuwe, herstelde liggame nog nie lewend nie. Iets ontbreek. Daardie element wat ware lewe gee is nog nie deel van die mense nie. Dit is blote liggame wat nou hier in die doodsvallei lê. Dit is 'n oënskynlike verbetering op die bene, mar dis nog nie lewende mense nie.

Daarom roep God ook vir Esegiël om te profeteer tot die Gees. Eenvoudig gestel – Esegiël bid.

<u>God wek lewe deur gebed</u>

Ook deur hierdie gebed wys God hoe Hy sy skeppingsmag ten toon stel. Esegiël roep in sy gebed na die Heilige Gees. Hy roep Hom om te versamel oor die hele aarde.

Die liggame wat nou daar is het volgens vers 8 geen gees in hulle gehad nie. Hierdie gees het twee betekenisse – Eerstens was daar in hulle geen asem nie, maar die Heilige Gees was ook nie in hulle nie. Die Hebreeuse woord vir Gees dui op 'n bewegende asem wat lewe wek.

Dan kom hierdie Gees as antwoord op die gebed van Esegiël en Hy vul hierdie liggame. Die lewe van hierdie liggame word beklemtoon deur die sigbare teken – hulle staan op hulle voete! Die Heilige Gees het hierdie massa bene lewendig gemaak tot 'n groot leër.

Tog word die doel van die lewe gegee – die bene word nie opgewek met die primêre doel om te lewe nie. Nee, die bene word opgewek tot 'n leërskare mense sodat hulle kan weet Ek is die Here. God stel sy ongelooflike krag hier teenwoordig om net soos wat Hy geskep het in Genesis, herstel Hy ook hier in Eseg. 37 deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

<u>God wek lewe deur Sy Heilige Gees</u>

Geliefdes hierdie gedeelte in Eseg. 37 handel nie oor die fisies opstanding nie. Nee, die geestelike herstel wat net moontlik is deur die aktiewe werking van die Heilige Gees word vir ons duidelik gemaak.

Geliefdes net soos wat Christus nie dood gebly het in die graf nie, het hierdie doodsgebeendere nie dood gebly nie. Soos wat Christus fisies uit die graf opgewek is, is ons lewend gemaak. Geestelik is ons nuwe herstelde mense deur die werking van die Heilige Gees.

Die bene wat Esegiël gesien het, het nou 'n werklikheid geword. Geliefdes ons is nie meer dooie bene nie. Ons is nuwe, herstelde, lewende Geesvervulde mense. Ons is deel van die leërskare van die Here HERE. Die God wat lewe gee.

Rom. 8:2 getuig saam – *"want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood."*

Geliefdes jy is lewend gemaak. Jy is nie meer maar net 'n hoop dooie geestelike bene wat tot niks in staat is nie. Die Gees werk kragtig binne in elkeen van ons ssodat ons ook teen die wat nog geestelik is kan profeteer. Verkondig die woord vand ie Here.

Vir Esegiël het die taak in alle waarskynlikheid na totale waansin gelyk – preek vir dooie bene. Tog kan ons nooit die krag van God en die werking van die Heilige Gees

onderskat nie. Die werking van die Heilige Gees is kragtig en kan selfs in die doodste dood nuwe lewe opwek as dit die wil van die Vader is.

Slot

Geliefdes jy word opgewek deur die Heilige Gees, nie om vir jouself te leef nie, maar vir die Here wat lewe gee en herstel. Ons word opgeroep om nuwe mense te wees en om te leef volgens die Here se eise. Hy roep hierdie herstelde leër van Hom op om te wandel soos wat Hy dit vereis.

Dit is hierdie selfde Heilige Gees wat lewe wek, wat ons ook oproep tot 'n lewe wat getuig van ons dankbaarheid. Daarom is ons nie meer slawe van die wet nie, maar doeners van dankbaarheidswerke. Ons kan daarom saam bely "*want ons het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar ons het ontvang die gees van aanneming tot kinders deur wie ons roep: Abba, Vader!"*